

Het Jesus dalk afgetree?

Toe ek een keer in my kinderdae vir my oupa vra wat hy doen, het hy geantwoord: "Nie te veel nie, want ek is met pensioen." Ek het nie verstaan wat dit beteken nie. Toe verduidelik my oupa vir my dat hy afgetree het. Dadelik vra ek toe vir hom of Jesus ook op pensioen is. Hy wou weet hoekom ek so iets vra. Ek het toe verduidelik dat dominee vir ons vertel het Jesus se werk was afgehandel, nadat Hy aan die kruis gesterf het. "Dit is hoekom Hy nou met pensioen in die hemel moet wees," was my afleiding.

Party mense dink steeds dat Jesus klaar gewerk het. En dat Hy nie meer betrokke is hier op aarde nie. Toe nie! **Matteus 28** se laaste aardse woorde uit Jesus se mond is juis dat Hy by ons sal wees al die dae tot aan die einde van die wêreld. Ook sê Jesus vroeër in **Matteus 18** dat Hy altyd aanwesig sal wees, wanneer twee of drie in Sy naam vergader. Elders in die Nuwe Testament verneem ons ook hoedat Christus steeds by Sy aardse kerk is. Dit is Hyself, wat aan Paulus op die pad na Damaskus verskyn daar in **Handelinge 9**. Ook verskyn Hy aan Johannes op die eiland Patmos in Openbaring 1. Christus is vandag steeds by Sy mense. Ja, die Gees is ook by ons, maar Jesus het definitief nie afgetree nie. As Here is Hy steeds die wêreld vol. Hy is in die hemel aan God se regterhand en Hy is ook hier by ons. Jesus se werk is nog lank nie klaar nie. Goddank!

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- *Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- *Bid vir mense wat COVID-19 het
- *Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- *Bid vir Johan Kotze-volle genesing
- *Bid vir Tannie Marinda Jordaan-het beroete gehad-bid vir volle genesing

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



PSALM 118:1

PSALMS

Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!



Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

Gedagte vd week

